

# Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 21 Februarie 2016

**Baie Welkom by ons Erediens!**

[www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

## Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: 2 Kor 5: 11-21.

Fokus: 2 Kor 5: 18.

As gelowige is ek 'n bedienaar van die versoening in Christus.

## Omgee:

- Tannie Annatjie Jansen van Vuuren is verlede Sondag skielik oorlede na 'n hartaanval. Die gedenkdiens was afgelope Donderdag.
- Oom Danie de Klerk is gediagnoseer met 'n kwaadaardige gewas in die waai van sy been.
- Juanita Stoop (Beyleveldt) is Dinsdag geöpereer om een nier te verwyder.
- Lohann Briel moet in Maart 'n operasie ondergaan en is nog baie siek.

## Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/die erediens.

## Afkondigings: ☀

- Onthou ons **aanderediens** wat fokus op die jeug **vanaand** om 17:30. Almal is welkom om dit by te woon.
- **Kinderkerk**: al die kinders van 3 jaar tot graad 7 gaan vandag van 09:00 af na die klaskamers.
- **Diakens vergader** vandag na die diens in die kuierkamer.
- **Ouderlinge vergader** Dinsdag, 23 Februarie om 19:00 in die kuierkamer.
- **Oorwinnaars vir kinders** word Saterdag, 27 Februarie by Bergbron aangebied. Alle laerskoolkinders is welkom. Besprekings kan by ds Stephan of Gerhard en Susan Botha gedoen word.
- **L-10-T** evangelisasiekursus DV Maandagaand 22 Februarie 2016 om 19:00 by GK Linden. Besprekings kan by ds Stephan gedoen word.
- **'n Gesprek oor die Doop** word beplan vir Woensdag, 2 Maart om 19:00 in die kerkgebou. Almal is welkom.
- **Ons vier DV volgende Sondag (28 Februarie) Nagmaal**. Twee jongmense sal ook Belydenis van hul geloof doen en Willie en Nolene se baba sal gedoop word.
- **Tee/koffie skinkbeurt** – **vandag** skink Groep 3, Sue, Elize en Kinnie. Volgende Sondag is dit Nagmaal en al die groepe is aan diens.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, kantoor@bergbron.org.za of sms na 072 651 8286).

## Nagmaal, Belydenis en Doop

Ons gaan soos gebruiklik na die erediens volgende week saamkuier in die saal sodat ons die nuwe Belydende lidmate en die nuwe Dooplidmaat behoorlik kan verwelkom! Hulle en hul families is die eregaste, en vir dié geleentheid vra ons dat elke gesin asseblief 'n bordjie eetgoed, soet of sout sal saambring.

## Lekker verjaar ...! 🕯

Verjaardae vandag en in die week:

22/02	LOUKIE RENSBURG (JNR)	079 488 1278
24/02	SASKIA MEYER	083 324 2320
25/02	CATHY KOTZE SEEFORT	072 126 3923

# Mag die Here jou oorvloedig seën

## Dankie!

 Baie dankie aan Neels Beyleveldt se span wat die kerkterrein

weer die afgelope week deeglik opgeruim het.



# Die Lewende Woord vir Jou Vandag

Prediker: Ds. Stephan Briel

Lees: 2 Kor 5: 11-21.

Fokus: 2 Kor 5: 18.

**As gelowige is ek 'n bedienaar van die versoening in Christus.**

1. "Is jy met God versoen?"

- Dit is nie 'n vraag: of jy godsdienstig is, of jy meen dat jy al genoeg gedoen het om met God versoen te wees, of God met ons versoen is – want Hy is! Dit is juis die evangelie!
- Die hart van die versoening is reeds “dat God in Christus die wêreld met Homself versoen het deur hulle hul misdade nie toe te reken nie...”
- Dit is 'n vraag: het jy geloofsversekerdheid, herken jy die lydende Jesus deur die geloof as die Messias, die Middelaar, vir jou? Ervaar jy die vreugde, die vrede, die diepe dankbaarheid van die versoening met God deur Christus?

2. Ons bediening van die versoening.

- Ons mag nie ons rug op mense draai vanweë hulle sondes nie, want God het nie sy rug op ons gedraai nie. Hy het wel sy rug gedraai op sy eie Seun in ons mense se plek en ons sondes op Hom laat neerkom.
- Om net aandag te gee aan 'n persoon se sondes, is om aan slegs simptome aandag te gee. Die oorsprong van die probleem is die skeiding met God.
- As ons tog maar die goeie in mense kan raaksien, nie net die slegte nie – dan sal ons baie meer effektief wees in ons bediening van die versoening.

**Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdiens:**

- Wat beteken dit om met God versoen te wees deur Christus? Wat is die regte emosie of ervaring as jy met God versoen is?
- Wat is die hart van die versoening met God? (vers 19)
- Wat is die rede waarom baie kerkmense nie die versoening met God aanvaar wat Hy bewerk het nie?
- Waarvan is sondes 'n simptoem? Hoe spreek 'n mens die oorsprong van die probleem aan?
- Hoe kan ons prakties meer effektief wees in ons bediening van die versoening?

## Gebed

**God se uurglas – Ons begin met Johannes 17 : 1**

**Hoe sal ons tyd definieer** – die HAT definieer tyd as: Gemete of meetbare periode; veral verlede, hede en toekoms as eenheid gesien.

Vir 'n kind kan 'n uur se reis per motor lank wees. Vir 'n volwassene kan 'n gebeurtenis dekades byvoeg in minder tyd as wat dit neem om 'n web adres op internet oop te maak.

**Jesus het Sy oë hemelwaarts gerig en gesê: “Vader die uur het aangebreek.”**

Tyd is dus 'n geval van perspektief. Meer spesifiek 'n aardse perspektief.

Kindergebed se skrif gedeelte vir Dinsdag was . Prediker 3:11-16. God is van altyd, vir altyd. (God is ewig).

**GEBED VIR KINDERS:**

*Dankie Here, dat U ons en ons kinders vir hierdie spesifieke tyd gemaak het en dat U hierdie tyd mooi en goed gemaak het.*

'n Bevestiging op Whats App is ontvang: “ Die Here neem jou gisters. Hy hou jou môres. Hy gee jou vandag en belowe jou 'n ewige lewe saam met HOM. Tyd is die deposito wat elkeen van ons in die bank van God het en nie een van ons weet wat die saldo is nie! Maak dus elke oomblik die moeite werd!

Vir ons as kinders van die Here daag die Latynse uitdrukking *carpe diem* (*gryp die dag*) ons uit om elke oomblik vir God aan te wend, m.a.w. ons tyd.

Ons kan seker wees dat toe Jesus Sy openingswoorde in Jonannes 17, begin het met die woorde: “ *Vader die uur het aangebreek* “het Hy geweet dat Vader weet van Sy opoffering aan die kruis. Dalk het Jesus dit ter wille van Sy volgelinge in woorde uitgespreek – bloot om hulle te herinner aan die teologiese konsep dat ons tyd in God se hande is.

As Jesus dit nodig gevind het om God te ken in die tyd en seisoen waarin Hy was , moet ons nie soveel te meer dieselfde doen in die tydgleuf waarin elkeen van ons is nie?

Paulus skryf in Efes.1:11 : “*Deur wat Christus gedoen het, het ons ook deel van God se eie volk geword. Ons was vooraf daarvoor bestem! Dit was God se doel! Hy het alles laat uitwerk soos Hy dit beplan en wou gehad het.*(NLV) Dus ons tye en seisoene het die vooraf bestemde doel om God te verheerlik.

As ons in gebed tot God nader, moet ons dalk erkenning gee aan God se hand in ons eie lewens uurglase. Dat HY die sand wat deur die vernouing beweeg beheer en dat dit goed is.

## **Persoonlike gebed:**

Here ek besef tyd is 'n instrument in U hand. Dit mag met tye vir my onbeheerbaar lyk, tog weet ek U hou dit onder U beheer.

Daarom Here dink ek die tyd is reg vir my om .....

Here ek weet dat ek maklik op 'n syspoor gelei word, veral wanneer .....

Here ek besef ek moet weer aan boord kom van U trein, met U wil en doel vir my lewe. Here maak asb. U plan vir my lewe duidelik aan my.

- **Terloops, jou kommentaaroor die gebedsriglyne en motiveringstuk in DLK sal waardeer word. Laat weet gerus vir Gerhard Botha wat jy dink. (tel. 011 477 4971 of sel. 083 537 9770)**

## **Wil jy by die gemeente aansluit?**

Vul asseblief 'n **pienk vorm** in - op die tafel by die deur. As jy 'n bewys van lidmaatskap het, gee dit saam met die vorm vir die predikant. Bel ds. Stephan(011 477 2133 of 082 253 3029) of vir Ankie by die kerkkantoor(011 673 9705).

## **Bergbron besonderhede**

**Bergbron webwerf:**[www.bergbron.org.za](http://www.bergbron.org.za)

Ds. Stephan Briel – herder en leraar: 011 477 2133, 082 253 3029,  
[stephan@bergbron.org.za](mailto:stephan@bergbron.org.za)

Musiekdiensgroep – vakant (kontak ds Stephan of kerkkantoor)

Jeug – Vernon Fortune: 071 217 7792,[vernonfor.vf@gmail.com](mailto:vernonfor.vf@gmail.com)

Gebedsgroep – Gerhard en Susan Botha 0835379770

Berading – Marietjie Volschenk 082 602 3023

**Bankbesonderhede:** Gereformeerde Gemeente Bergbron, ABSA Parktown, rek. 180 350 349

Kantoorure: Dins, Do en Vrydae van 09:00 tot 13:00. Tel. 011 673 9705

**[kantoor@bergbron.org.za](mailto:kantoor@bergbron.org.za)**

**Diakens:** kontak Carel Cornelissen: 083 717 0003.

**Ouderlinge:** Wesley Abourizk 083 440 2782; Pieter de Klerk 082 464 9480;

Jacques Moolman 072 277 0036; Fanie Olivier 079 710 2344; Willie Volschenk 082 777 7734.

## **Ander nuus**

- **Sustersaamtrek:** die uitnodiging is op die kennisgewingborde.

Datum: **5 Maart**, 08:00 vir 09:00 by The King's School, West Rand.

Tema: Laat God se liefde weergalm, sprekers is prof Heilna du Plooy en Elana Bettings.

Koste R 100. Gee asb jou naam en betaling vir Elma of Annette vandag nog. **Die sperdatum is 22 Februarie.** Dames word gevra om iets wit aan te trek.

- **Jannie Moolman en Corlea Botha:** 11 Maart om 19:00 by Hoërskool Florida. Kaartjies @ R 100 by Liza Heystek (083 273 8006) of NG Quellerina.